JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 2 20 – 27 Januarie 2023

SKOOLDRAG:
Daar is leerders wat nie die korrekte skooldrag aanhet nie. Seuns wie se hare nie reg is nie, moet asb. gesny word en reg wees. Slegs nuwe sportdrag word toegelaat. Die netbalrompie is nie deel van die sportklere nie. Ouers moet asseblief sorg dat hulle kinders vanaf Maandag, 23 Januarie korrek geklee skool toe kom. Daar sal op **Woensdag, 27 Januarie inspeksie** deur die onderwysers gehou word.

AFSKEURSTROKIES/VORMS – NUUSBRIEF 1:
Baie dankie aan die ouers wat al hulle kinders se vorms en afskeurstrokies klaar ingehandig het!!!
Die volgende **belangrike afskeurstrokies/vorms van Nuusbrief 1,** wat u nog nie ingehandig het nie, moet asseblief almal op **Maandag, 23 Januarie** by die **klasonderwysers** ingehandig word:

SMS-strokies **(Kontant saam met die strokie asb. U moet elke jaar herregistreer en betaal.)**	**Medisynebriefie** vir skool en koshuis. **(Indien u nie die strokie inhandig nie, moet ons u ongelukkig skakel om u kind te kom haal.)**
Kroniese medikasievormpie (Slegs Ritalin en Concerta)	**Brilvormpie**
Ontvangserkenningsvorm vir die **6 dokumente** wat u ontvang het.	**Mediese besonderhede** (Skoolvorm vir uitstappies en sport)
Departementele gesondheidsvorm (Voltooi asb. volledig en merk duidelik indien u nie van hierdie dienste gebruik wil maak nie.)	Boksmart rugbyvorm (Slegs seuns wat hierdie jaar rugby wil speel)
Gedragskode vir Ouers	Gedragskode vir leerders
Ons onderwysers kontroleer alles deeglik totdat alles ingehandig is.	

Alle betalings word by die klasonderwysers gedoen, tensy anders vermeld.

KLEREWINKEL: NB!! NB!!!

KLEREWINKELTYE:
Die klerewinkel se tye het 'n bietjie **verander.** Dit is van nou af soos volg:
Maandae: 7:30 – 9:45 en Vrydae: 11:00 – 12:45
Vir enige navra, kontak die klerewinkelbestuurder:
Liezel Roodt – 084 2243712

WINTERSKLERE: [BESTELVORM]
Daar word **slegs een bestelling** vir 2023 se wintersklere geplaas en ouers het tot **Vrydag, 17 Februarie 2023** kans om windjakkers en sweetpakke vir hulle kinders te bestel. Hou in gedagte dat die korrekte wintersdrag **verpligtend** is vir al ons leerders.

Voorbeelde van al die klere is in die Klerewinkel beskikbaar en leerders kan aanpas om seker te maak dat die korrekte nommers bestel word. Die **Klerewinkelbestuurder neem geen verantwoordelikheid vir nommers wat verkeerd bestel is nie.**
Doen asseblief **alle bestellings** met die **bestelvorm** wat by die nuusbrief ingesluit is. (Bestelvorms sal ook by die klerewinkel beskikbaar wees.)
(Telefoniese, epos of met whatsapp-bestellings sal nie aanvaar word nie.)

NB: GEEN BESTELVORM, GEEN BESTELLING.

Ouers mag met Liezel Roodt (klerewinkelbestuurder) 'n **skriftelike afbetalingsooreenkoms** aangaan en die klere **oor 3 maande, of minder** (Maart/April/Mei) afbetaal. **Aansoeke moet asseblief na die volgende eposadres gestuur word: fin@jakkies.com**
Alle gelde moet betaal wees voordat klere aan ouers oorhandig sal word.

KOSTES:

	ITEM:	NR:	BEDRAG:	NR:	BEDRAG:
1	**Skoolbaadjie:** **(Opgestopte Windjakker)**	22 - 32	R520,00	34 - 44	R560,00
2	**Sweetpakbaadjie:**	22 - 32	R400,00	34 - 44	R440,00
3	**Sweetpakbroek:**	22 - 32	R260,00	34 - 44	R300,00
Finale pryse onderhewig aan verskaffers.					

MERK ASSEBLIEF DADELIK U KIND SE KLERE!
GROOT ASSEBLIEF!

- Ouers wat klere het van hulle kinders **wat dalk te klein geword het** en bereid is om dit vir ons **klerebank te skenk**, kan dit asb. klerewinkel toe stuur. **ONS SAL DIT BAIE WAARDEER!**

NB: Hou asb. u kwitansie as bewys van u bestelling. U moet dit toon voordat u u kind se klere mag ontvang.

Klerewinkel se bankbesonderhede:
Jacobsdal Primêre Skool, FNB
Rekeningnommer: 525 6134 7174 (dieselfde as skoolrekening)

LEERDERDEELNAME:

BUITEMUURS:

Die Sportkomitee vergader Woensdagmiddag om die Sone atletiekspan, asook die Interskole swemspan saam te stel. Volgende week se buitemuurs sal soos volg plaasvind:
Maandag – Geen buitemuurs (Kleurgala)
Dinsdag – Slegs tweekamp en klubswem
Woensdag – Slegs klubswem
Donderdag – **Normaal soos op rooster. Onthou atletiekoefening is slegs vir atlete wat vir die Sone-span gekies is.** (Sal volgende week bekend gemaak word.)
Die nuwe rooster van 24 Januarie – 16 Maart, wat aan Nuusbrief 1 geheg was, word vanaf volgende week gevolg.

KLEURATLETIEK:

Ons OLK het hard gewerk om lekker eetgoed aan ons beskikbaar te stel. **Baie dankie aan almal van julle, asook ouers wat ingespring het om te help!** Dankie aan **JOS** wat lekker roomys verkoop het!
Baie geluk aan JJ Gouws met 'n suksesvolle byeenkoms en **dankie aan ons ouers** wat as beamptes diens gedoen het. **Julle is vir ons kosbaar!**
Sanet en haar werkers het ons terrein mooi skoon en netjies gemaak en alles voorberei vir die byeenkoms. **Baie dankie vir julle harde werk.**
Vrydag, 20 Januarie, sal 'n normale skooldag wees vir leerders.

Junior Victor Ludorum: CG Combrink (932 punte)
Junior Victrix Ludorum: Unathi Vala (1082 punte)
Senior Victor Ludorum: Ignus Jacobs (1864 punte)
Senior Victrix Ludorum: Elri de Waal (2634 punte)
Baie geluk aan hierdie atlete!
Baie geluk aan die Blouspan wat gewen het 789 punte teenoor die Geelspan se 645 punte.

KLEURGALA:

Ons kleurgala vind op Maandag, 23 Januarie om 13:00 plaas.
Inskrywings is klaar gedoen en gekontroleer. Geen laatinskrywings sal toegelaat word nie.
Beamptes moet asseblief om 12:45 aanmeld. Beamptes trek wit hempies en navy broeke aan.
Die skool verdaag Maandag om 12:30 vir alle grade**.**
LET WEL: Daar sal weer 'n heerlike kosstalletjie van die OLK wees en die roomyswa van JOS sal ook daar staan. **Ondersteun hulle assebief.**
Inskrywings en Program sal op graadgroepe geplaas word.

WHATSAPPGROEP KOMMUNIKASIE

Daar is sekere ouers wat nie oor WhatsApp of 'n telefoon beskik nie. Nuusbriewe word byvoorbeeld elektronies op hierdie platform gedeel. Hierdie ouers moet asseblief die afskeurstrokie invul en 'n rede verskaf.

VEROOTMOEDIGINGSDIENS

Gaan plaasvind op 27 Januarie om 07:30 deur Ds. Mias Nortier. Ouers is baie welkom om dit by te woon.

…….
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Drini Brand (Ma oorlede)
Bossie Jacobs (Baie siek)
Brand familie (Oumagrootjie oorlede)

ONS DANK ONS HEMELSE VADER
VIR ONS GRAAD 12'S BY LANDBOUDAL

BAIE GELUK LANDBOUDAL!

100% SLAAGSYFER
VIR DIE 39STE JAAR!!!

BESTELVORM:
WINDJAKKERS EN SWEETPAKKE

Naam van leerder/s:	**Nommer:**	**Bedrag:**	Graad:____ Klas: _____
Windjakker: (Opgestopte baadjie)			
Sweetpakbaadjie:			
Sweetpakbroek			

AFSKEURSTROKIE: OUERS MET GEEN WHATSAPP OF TELEFOON

OUER: _____

LEERDER: _____ GR.: _____

LEERDER: _____GR.: _____

Rede hoekom ek nie gebruik maak van hierdie kommunikasiestelsel nie.

Rede:_____

_____

HANDT: _____ DATUM: _____

Greys Riding school

Beginner lessons available
Dressage
Jumping
Tentpegging
Children and Adults



Cara-lee Greyling 0718684051

PRYSE PAKETTE

Klein/Small R110

30 Mikro/Micro
30 Wrap around
25 Aanstryk/Iron on
10 Skoen/Shoe

95 labels

Medium R130

40 Mikro/Micro
30 Wrap around
25 Aanstryk/Iron on
10 Skoen/Shoe
15 Multi

120 labels

Groot/Large R140

60 Mikro/Micro
36 Wrap around
25 Aanstryk/Iron on
40 Multi

161 labels

MERK'IT
labels & linte

KONTAK:
078 9388 967
Claudine
Pryse geldig vanaf Oktober 2022

Merk jou kind se skoolgoed, -klere en skoene

50 | 100 labels

	50 labels	100 labels
Mikro/Micro	R28	R56
Wrap around	R43	R86
Aanstryk/Iron on	R80	R160
Skoen/Shoe	R25 (10)	R50 (20)
Makro/Multi	R50	R100

- **Micro label:** klein label vir uitvieërs/klein items
- **Makro Label:** grooter label vir liniale kosblikke ens.
- **Wrap around:** draai om penne/potlode
- **Skoen:** merk skoene binne-in
- **Laundry/iron on:** merk klere

NUUT wrap around stickers in pienk en blou
+ R10 per pakket | +R10 per 50 en 100

Aanwerk labels
teen R1.20elk
Geskenk lint
teen R 13 per meter

kontant met bestelling

*Terme en voorwaardes geld
*Produksie neem 7 werksdae indien langer sal kliënt in kennis gestel word
*pryse sluit nie koerier geld en posgeld in

BAGTAGS*
PRYSE OP AANVRAAG

MARISCA GROENEWALD

Ekstra klasse
Huiswerk klasse
Opsommings
Indivudele hulp
Plek : Laerskool Jacobsdal
Graad : 1-7

TEL : 076 696 2604



Huiswerkhulp by die skool

Dinge gaan maar dol en kinders se programme is tjok en blok vol. Kom ek help jou kind om smiddae ná skool sy/haar huiswerk af te handel.

Huiswerkhulp en leesoefeninge word ná skool op die skoolterrein aangebied. Individuele aandag is die antwoord.

Jarelange onderwysondervinding. Bied reeds vir 10 jaar ekstra hulp vir laerskoolleerders by Jacobsdal Primêre Skool aan. Baie billike tariewe.

Kontak Miranda by 083 7090 688 vir meer inligting!